NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA
blitspos
Jaargang 16 – Uitgawe 45
25 Januarie 2024

# Al het ek geval, ek staan weer op...

***God verander trane in 'n glimlag, hartseer in blydskap en gister se seer in môre se geluk. Deur gebed verander Hy jou hele lewe. Wanneer God jou hele bestaan geword het, kom jy niks kort nie.***

Die NHSV se tema vir 2024, *Al het ek geval, ek staan weer op*... (Miga 7: 8, AFR2020), vloei voort uit een van die beskrywingspunte wat gedien het by die 2023 NHSV Nasionale Kongres en wat gehandel het oor geestesgesondheid.

Geestesgesondheid beïnvloed ons denke, gevoelens en optrede saam met ons gesinslede by die huis, met kollegas by die werk en waar ons betrokke is in die samelewing en by die kerk. Ons emosionele, sielkundige en sosiale welstand bepaal hoe ons stres hanteer en met ander mense omgaan, en die keuses wat ons maak.

Ons is so pas deur die Kerstyd en 2024 het aangebreek met nuwe geleenthede en uitdagings, maklike sowel as moeilike tye, en gelukkige tye met teenspoed wat dalk wag.

Dit is juis waarom ons vir mekaar sê: *Ek wens jou die beste toe in jou mooiste, wonderlikste en gelukkigste tye! Mag jy die Here se teenwoordigheid beleef in die jaar wat voorlê.*

Wanneer ons vir mekaar sê voorspoed vir die nuwe jaar, weet ons egter die jaar wat voorlê gaan nie net altyd rooskleurig wees nie. Vir baie van ons is geestesongesteldheid 'n werklikheid van ons alledaagse bestaan, met 'n stigma wat daaraan bly kleef.

Ons sê dan ook vir mekaar: *Ek wens jou die Here se bystand toe in die krisistye, moeilike, hartseer en swaarkrytye, want God is by jou!* In ons depressie, angs, verhoudingsprobleme, verslawing, leerprobleme en stresvolle situasies, weet ons Immanuel – God met ons – is daar vir ons!

Die Here is met jou en Hy is by jou. In die wonderlike, gelukkige tye, gee aan Hom al die eer en leef in dankbaarheid jou geloof uit. Dit is alles genade uit sy hand.

God is ook daar in jou dal-van-doodskaduwee-oomblikke, seerste oomblikke, donker oomblikke waar dit voel of jy in stormwater verdrink of in dryfsand wegsink.

Slegte hoofstukke in jou lewe kan steeds lei tot 'n goeie lewensverhaal. Verkeerde paaie en ompaaie in jou lewe kan jou steeds by die regte plek uitbring. Verlore drome bepaal nie jou lewensrigting nie en teenspoed is net tydelik. Suksesvolle mense moes partykeer hulself verloor om hulself weer te vind.

Deur sy geloof loop Petrus op die water na Jesus toe, maar toe hy wegkyk en sien hoe sterk die wind is en bang word, begin hy sink, en Jesus steek sy hand uit en red hom. Fokus jou gedagtes op die Here en nie op die chaos rondom jou nie. Dit bring vrede vir jou siel en genesing vir jou liggaam. Vertrou altyd op die Here, want Hy is ons ewige rots.

Mag ons leer om deur ons trane die reënboog te sien.
Mag ons weet dat elke totsiens lei tot 'n nuwe begin.
Mag ons insien dat die toets wat jou karakter beproef, daartoe kan lei dat jy jouself kan verbeter.
Mag ons verstaan dat seer kom met lesse waarvan ons almal kan leer.

*Die Here sal jou seën en jou behoed; die Here sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees; die Here sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee* (Num 6: 24-26, AFR53).

Jesus Christus het reeds afgebuig na ons toe en ons straf gedra aan die kruis. Daarom kan ons opstaan as ons geval het, want aan sy liefde is daar geen einde nie!

**Mev Mari-lizé Beukes, voorsitter NHSV Hoofbestuur**

Om *Blitspos* te ontvang, stuur 'n e-pos na bladuitleg@nhk.co.za of grafies@nhk.co.za en versoek dat u naam op die versendingslys geplaas word

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan produksie@nhk.co.za

Webblad van die Hervormde Kerk www.nhka.org

Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings deur skrywers uitgespreek, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.

## Kerklike en ander publikasies







- In 1970 is *God laat dit groei,* wat die geskiedenis van die eerste 150 jaar van die **Bybelgenootskap van Suid-Afrika** se bestaan beskryf, uitgegee. Ter voorbereiding van die 200-jarige feesvieringe in 2020 is eers beplan vir ’n soortgelyke boek, en dr Eric Hermanson, wat in 2005 as hoof van die Departement Vertaling en Teksversorging afgetree het, is versoek om die gedeelte oor Bybelvertaling te skryf. Hy het ingestem om oor die Bantoe-, Khoi- en San-vertalings wat onder die BSA se toesig gedoen is te skryf, as iemand anders die Afrikaans sou doen.

  Daar is later besluit om die idee van die voorgestelde boek te laat vaar. Omdat hy toe reeds so ver gevorder het, het dr Hermanson voorgestel dat hy die werk klaarmaak, sodat dit as ’n boek oor die BSA se vertaalwerk uitgegee kon word, wat hy wel gedoen het. Maar die manuskrip is toe in die argief geplaas omdat daar geen fondse was om dit te laat druk nie.

  In 2022 het dr Hermanson voorgestel dat hy ’n hoofstuk skryf oor die Afrikaans, wat nie gedoen is nie, en dat die befondsing van die publikasie deur ’n voorafbetaalde spesiale aanbod ingesamel word. Sy aanbod is aanvaar, en met behulp van prof Bernard Combrink is die hoofstuk oor die Afrikaans tot en met die 2020-vertaling saam met foto’s voltooi.

  Verlede jaar het die BSA se Raad van Direkteure besluit om dit wel te laat druk. Bestellings vir die boek teen die spesiale voorafbetaalde aanbodprys kan nou op die BSA se webwerf geplaas word. Die bekendstellingsprys sal R299 wees, maar **Eric A Hermanson se boek *Lighting the lamp on the pathway of life: A journey through Bible Translation in Southern Africa*** kan nou reeds ***hier*** aanlyn bestel word teen die **spesiale voorafbestellingsprys van R199** (BTW ingesluit). **Bestel asseblief voor 28 Maart** – die boek word Maandag 1 April 2024 vrygestel. Die **afleweringskoste in Suid-Afrika is R99** vir een of meer boeke.



